VIR DIE JONGKLOMP

VRUG VAN DIE GEES – SELFBEHEERSING

KORINGKORREL

Gereformeerde Kerk Gobabis
KERKKANTOOR:
Posbus 146 - Gobabis
Tel: 56 2789 - Faks 56 4769 / 088 651 8435
E-pos: gerfgbs@iway.na

Sondag 19 Julie 2015

IN DIE EREDIENS

OGGENDDIENS Ds Dirk Kotzee	AANDDIENS Ds Dirk Kotzee
Skriflesing: Gal 5: 13-26; Romeine 7:12-25 **Fokus:** Gal 5:17 & 25; Rom 7: 24-25 **Tema:** Die vrug van die Gees - Self-beheersing **Sang:** Lied 163; Lied 184: 1 en 4; Ps 119-2: 14 & 26; SB 8-3: 1	**Skriflesing:** Johannes 16: 5—15 **Tema:** God: een in wese, onderskei in drie persone... **Sang:** Lied 190: 1 & 2; Ps 119-2: 22; SB 12-3: 1 en 2

RONDOM DIE EREDIENS

Konsistorie Diensbeurt: Wyk 10
Ouderling: Br Jaco Potgieter
Diaken: Vakant
Teeskink: Susters Wyk 10

Kollektes
Blou Sakkie
Oggend: Klassis - Jeugfonds
Aand: Klassis—Bedieningsfonds
Swart Sakkie
Diens van Barmhartigheid

KATKISASIE:
LAERSKOOL: Na afloop van die erediens by Crystal Potgieter en Gerda Bernhardt
BELYDENISKLAS: Klasse hervat na die vakansie
GR 9: Klasse hervat na die vakansie.

Sterkte aan al die kinders wat eersdaags met eksamen begin.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die lidmate wat die komende week verjaar!

20/07	Dpl Reinhardt Vorster (Ghanzi)
21/07	Sr Lochie Booysen
	Br Riaan Taljaard (Ghanzi)
23/07	Dpl Ashley Vickerman (Ghanzi)

LIEF EN LEED

- Br Bekkies Maree was weeer in Whk vir 'n opvolg oprasie. Hy herstel goed en is weer op die been en by die werk.
- Sr Marie du Randt en Sr Alida Biewenga is ongesteld en in die siekboeg in HDL.

BELANGRIKE DATUMS

20/07	Nie-bederfbare beloftes vir die Kerkmark (funksie) kan by die kerkkantoor afgegee word
25-26/07	Ghanzi Voorbereiding en Nagmaal
26/07	Slegs oggenddiens in Gobabis
27/07	Vleis beloftes moet by die kerk afgegee word.
28-29/07	Vleiswerk vir Kerkmark
01/08	Kerkmark (Funksie)

KLANKOPNAMES VAN PREKE

Sondae se dienste word opgeneem en klankopnames kan by die kerkkantoor aangevra word. Indien u, u eie CD of USB stokkie voorsien is dit gratis, anders sal 'n bedrag van N$15 betaalbaar wees.

BILTONG EN DROËWORS

Daar is nog wildsbiltong, gemengde (wild en bees) biltong en droëwors te koop beskikbaar by die kerkkantoor @ N$60 per 500gr.

GEBEDSGROEP

Die gebedsgroep kom Maandagoggende van 07:15 tot 07:30 in die Moederskamer bymekaar. Almal is welkom om dit by te woon. U is ook welkom om gebedsversoeke na die kerkkantoor toe deur te gee.

KERKMARK 2015 (FUNKSIE)

BELOOFDE BYDRAES

Die nie-bederfbare beloftes en kontant kan by die kerkkantoor of die betrokke sameroepers afgegee word.

VLEISWERK

Die **vleiswerk** vir die Kerkmark vind Dinsdag en **Woensdag 28/29 Julie** plaas. **Beloofde vleis bydraes** moet asb op die laatste **Maandag 27 Julie** by die kerk se koelkamer afgelewer word. Kontak asb vir Anri by 085 630 2080 of Rooikop Potgieter by 081 128 2479 indien aflewerings buite kantoorure moet geskied.

TAFELSAMEROEPERS

Die tafelsameroepers van die Kerkmark wat nog nie hulle leers kom afhaal het nie kan dit na afloop van die erediens by die kerkkantoor kry.

KOPBANDE TE KOOP



Daar is pragtige kopbande te koop by die kerkkantoor ten bate van die Kerkmark se Allerleitafel vir die lekker koue wat nog op-pad is. Groot @ N$30 en Klein @ N$25.